**Saterdag 4 Augustus**

| Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:18-20 | Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:18-19 |
|---|---|

# Stry die goeie stryd, en hou die skip op koers!

Die apostel Paulus het vir Timoteus in Efese gelaat met die opdrag om die mond te snoer van diegene wat dwaalleer verkondig. Daar was sommige in Efese wat Christus en die waarheid van die evangelie verdring deur nuttelose verdigsels en spekulasie.

Dit sou egter geen maklike taak wees nie. Timoteus sou weerstand en swaarkry beleef. Juis daarom bemoedig Paulus hom met die woorde: *Stry die goeie stryd!*

Paulus beskryf Timoteus en sy roeping met woorde uit die militêre wêreld. Timoteus is ’n offisier. Hy is in ’n oorlog gewikkel. Sy oorlog is teen die dwaalleer wat in Efese verkon-dig word ten koste van die evangelie. Sy senior, Paulus, gee hom dan bevele te midde van sy stryd: Hou aan stry! Stry die goeie stryd! Volhard daarin! Hou vol! Om hierdie opdrag te versterk, doen Paulus twee dinge:

- Hy *herinner* Timoteus daaraan dat hy deur God self geroep is tot hierdie taak deur te verwys na die profesieë wat vroeër oor hom uitgespreek is.
- Hy *spel uit* wat Timoteus moet doen om die goeie stryd te stry: hy moet vashou aan die geloof en ’n goeie gewete. Hy moet vashou aan die waarheid van die evangelie, en hierdie waarheid leef deur sy gewete te gehoorsaam.

In hierdie woorde aan Timoteus bemoedig die Here elkeen van ons te midde van ons roeping: Stry die goeie stryd! Volhard. Besef opnuut dat God self ons in Christus geroep het tot sy kinders en in sy diens, en wees versterk deur hierdie besef. Hou hiermee saam vas aan die geloof in Christus en ’n goeie gewete. Stry die goeie stryd!

*Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2*

*Prof. AJ (Albert) Coetsee (Teologiese Skool Potchefstroom)*